Nuusbrief 3 van 2024
16 Februarie

Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

Liewe Ouers

SASOLBURG UITNODIGINGSBYEENKOMS

Ons atlete het verlede Saterdag aan 'n uitnodigingsbyeenkoms te Sasolburg, ter voorbereiding vir die Lejweleputswa sonebyeenkoms, deelneem. Die volgende uitslae is behaal:

Eerste plekke

Fedile Mlangeni	D19 1500m
Lebohang Mlangeni	S16 1500m en 400m

Tweede plekke

Ruoise Möller	D15 Spiesgooi
San-Mari Binneman	D16 1500m

Derde plekke

Alfranko Steyn	S14 Diskusgooi
Xander van Jaarsveld	S19 Hoogspring

Xander het ook 'n vyfde plek in die verspring behaal.

Baie geluk aan al hierdie atlete! Ons is trots op julle!
Baie sterkte vir die res van die seisoen.

ATLETIEK: LEJWELEPUTSWA SONEBYEENKOMS

Ons atlete gaan Donderdag, 22 Februarie aan die Lejweleputswa sonebyeenkoms te Bloemfontein deelneem. Die bus vertrek STIPTELIK om 05:00 vanaf die skool. Atlete moet reeds 04:45 by die bus aanmeld. Inskrywingsgeld vir die sonebyeenkoms is R60 en busgeld ook R60.

Atlete van Ventersburg en Phomolong moet asseblief met eie vervoer tot by die skool kom. Die atlete van Virginia sal 05:20 by BP en direk daarna by Harvinia opgelaai word. Na afloop van die atletiek sal die leerders van Virginia op pad huis toe weer afgelaai word. Ventersburg en Phomolong leerders se ouers moet hulle asseblief by die skool kom haal.

Die personeel is ook betrokke as beamptes. **Daar sal dus Donderdag GEEN skool wees nie.**

Baie sterkte aan al ons atlete: maak HSH trots!

Señor Chef

SENÕR CHEF-PROJEK

Die SENÕR CHEF-projek se eerste rondte het hierdie week begin en loop op Maandag, 4 Maart 2024 ten einde. Hierdie projek behels nie die verkoop van lootjies nie, maar die aankoop van welbekende produkte wat u in die huis kan gebruik. Produkte bevat geen MSG, kleurstowwe of preserveermiddels nie en word nie bestraal nie. Dit het 'n lang rakleeftyd en word gereken as kwaliteitprodukte.

Elke leerder ontvang een kleurbrosjure asook vyf bestelvormpies. Ons mikpunt is dat elke leerder ten minste R250 se produkte sal verkoop.

Hierdie projek duur slegs drie weke en ons vra asseblief u ondersteuning. Maak u kaste vol met hierdie produkte en vra ook u familie, kollegas en vriende om die skool te ondersteun in hierdie verband.

Baie dankie dat ons op u ondersteuning kan staatmaak!

Luané du Plessis
het aan die Suid-Afrikaanse Junior Rolbal-Meesterstoernooi deelgeneem en twee van haar vyf wedstryde gewen. Baie geluk – ons is baie trots op jou!

Nuusbrief 3 van 2024 vervolg ...

Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

KRIEKETUITSLAE

Die **eerste seunspan** wen teen Solomon Senekal van Viljoenskroon met 17 lopies. Die uitblinkers was Ethan Compton met 40 lopies van 21 balle en Kabelo Mosia met 37 lopies nie uit nie. Kabelo neem ook twee paaltjies.

Hulle wen ook teen Bultfontein met 13 lopies. Die uitblinkers is Kat Dhlamini met vier paaltjies (14 lopies afgestaan) en Kabelo Mosia met 28 lopies nie uit nie.

Ons **eerste meisiespan** wen teen Wessel Maree met 10 paaltjies.

Baie geluk - ons is baie trots op julle!

LEJWELEPUTSWA ATLETIEKUITSLAE

Die volgende atlete het tydens die hamergooi-finale die volgende uitslae behaal:

Janeske Ferreira o.16- vierde plek
Liané van Biljon o.16 - vyfde plek

Liané Alexander o.15 - derde plek
Ruoise Möller o.15 - vierde plek

Baie geluk aan hierdie leerders - ons is trots op julle!

TOELATING TOT UNIVERSITEIT

'n Leerder kwalifiseer vir toelating tot universiteit indien hulle vir vier vakke bo 50% behaal. Hulle moet ook vir Afrikaans bo 40% en Engels bo 30% behaal.

Alle leerders moet asseblief hard werk sodat hulle aan hierdie vereistes kan voldoen!

BUSPREFEKTE

Baie geluk aan die volgende leerders wat as busprefekte aangewys is:

Agter v.l.n.r.: AJ Pitzer, Marko Roos en Thabang Menyatso

Voor v.l.n.r.: Suané Smit, Mikayla Meyer, Danika Swartz, Ora Pule, Sumandi Ackerman en Felicia Tlali

TOETSWEEK: Leerders het vandag hulle toetsrooster ontvang. Ons vra dat u asseblief sal toesien dat u kind goed voorberei vir elke toets!

ALGEMENE SLAAGVEREISTES

GRAAD 8 & 9	GRAAD 10 - 12
Afrikaans bo 50%	Afrikaans bo 40%
Engels bo 40%	Nog 2 ander vakke bo 40%
Wiskunde bo 40%	Nog 3 vakke bo 30%
Nog 3 ander vakke bo 40%	
Nog 2 ander vakke bo 30%	

LET WEL: Geen leerder kan staatmaak om oorgeplaas te word op grond van jare in fase of met kondonering en/of aanpassings nie.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING
4 MAART 2024
VOLDAGVERKIESING
07:00 – 18:00

Skoolbeheerliggaamverkiesings vind landswyd in Maart plaas. Die verkiesing vind elke drie jaar plaas en is naas die nasionale-, provinsiale- en munisipale verkiesings die grootste verkiesing van openbare verteenwoordigers in Suid-Afrika.

Vind op die keersy van hierdie nuusbrief die amptelike kennisgewing van ons skool se verkiesingsdatum en let asseblief ook op die volgende:

- Die kieserslys is vanaf Maandag, 19 Februarie 2024 by die sekretaresse beskikbaar. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om tot en met Donderdag, 29 Februarie te kontroleer of sy/haar naam daarop verskyn.

- Nominasievorms sal vanaf Vrydag, 23 Februarie 2024 by die skool beskikbaar wees. Alle voltooide nominasievorms moet ons teen Dinsdag, 27 Februarie om 12:00 bereik.

- Ouers moet, indien ‘n navraag sou ontstaan, hulself positief kan identifiseer as ‘n ouer van ‘n leerder van die skool.

- Formaat van verkiesing: Voldagverkiesing – Maandag, 4 Maart 2024

  Stembusse open: 07:00
  Stembusse sluit: 18:00
  Tel van stemme: 18:00 – 19:00
  Aankondiging van SBL: vanaf 19:00

Die sukses van ‘n skool is direk gekoppel aan die vermoë van die beheerliggaam. Ouers moet dus stem om seker te maak dat die belange van hul kinders, maar ook die breër skoolgemeenskap gedien word. Ons vertrou dat ons op u samewerking kan steun.

Vriendelike groete
Brenda Hoffman
SKOOLHOOF